

HOOFSTUK 2

DIE FUNDERING VAN MOTIVERING

2.1 INLEIDING

Die mens is onlosmaaklik gebonde aan oortuigings, waardes en beskouinge wat reeds vanaf sy geboorte gevorm en ontwikkel word (Van der Westhuizen, 1986:12-15). Hierdie voorveronderstellings beïnvloed, as integre- rende deel van sy persoonlikheid, die mens se waarneming en belewing van die werklikheid. Hierdie voorveronder- stellings is die "bril" waardeur die mens (i.c. weten- skaplike) sy vakgebied beskou.

Die Christen-opvoedkundige se voorveronderstellings berus op sy Skriftuurlike oortuigings en hy word genoodsaak om sy navorsing in die lig van die Skrif te onderneem (Van der Walt et al., 1977:75; Van der Walt et al., 1983:107-108; Van der Westhuizen, 1986:14).

In hierdie hoofstuk sal eerstens 'n Skrifmatige antropologiese beskouing van motivering gegee word, want motivering, as deel van die mens se toerusting, kan nie buite en los van 'n bepaalde mensbeskouing verstaan en verklaar word nie. Anders gestel: die opvoedkundige se mensbeskouing sal ook sy beskouing van motivering bepaal. Daar sal ook aangetoon word dat motivering 'n religieuse aangeleentheid van die mens is. Tweedens sal die grondtrekke van motivering bespreek word.

2.2 DIE ANTROPOLOGIESE FUNDERING VAN MOTIVERING

Die onderwysleier se mensbeskouing bepaal hoe hy "sy" personeel motiveer. Die woord antropologie is saamgestel uit die Griekse woorde "anthropos" (mens) en "logos" (kunde of wetenskap). Antropologie handel dus oor 'n bepaalde beskouing van die mens (vgl. Van der Walt et al., 1983:92). Die grondslag van die antropo- logie is die Skrifwaarheid dat God die mens na sy beeld geskep het. Motivering setel in die skeppingswerklikheid dat God die mens volledig vir sy taak toegerus het - onder andere met die vermoë om gemotiveer te word en om ander te motiveer (vgl. Duvenage, s.j.:5; Van der Walt et al., 1983:98). Motivering dui op 'n dryfkrag wat die mens in beweging bring om sy roeping (skeppingsopdrag) ten uitvoer te bring.

Die mens is op die aarde geplaas om te heers en te beheers en dit verg gemotiveerdheid (vgl. Duvenage, s.j.:1). Gemotiveerdheid is daarin geleë dat die mens alles moet doen tot eer en verheerliking van God. Die mens het slegs één omvattende allesbeheersende roeping, naamlik om die Here sy God lief te hê met sy hele hart, sy hele siel, met sy hele verstand en met al sy krag en om sy naaste lief te hê soos homself, en om die aarde te onderwerp en daaroor te heers. Dit kom dus neer op 'n volle, goeie, deugsame en gelowige lewe van arbeid en diens saam met en vir die medemens in die wêreld tot eer en verheerliking van God (Van der Walt et al., 1983:120).

Die feit dat God die mens na sy beeld geskep het, dui verder op die innigheid van die God-mensrelasie (vgl. Taljaard, 1974:3). Hierdie relasie kan 'n religieuse relasie genoem word. Die woord religie is afgelei uit die Latynse woord ligare wat "binding" beteken. Religie beteken "herbinding" of "terugbinding" van die mens aan God en dui op die verbond, of verhouding, van die mens met God of met 'n afgod. Die verhouding waarin die mens tot God staan, kan anastaties op God gerig, of apostaties, weg van God gerig wees (vgl. Van der Walt et al., 1983:3 en Barnard, 1984:171-172). Omdat die mens 'n religieuse wese is en alles wat hy doen, religieus bepaald is, moet ook sy wêrk aan God toegewy wees (vgl. Taljaard, 1974:4 en Taljaard, 1975:95 asook Van der Walt et al., 1983:104). Dit wil sê, die mens se werk en sy motivering om te werk staan ook in die teken van hierdie religieuse verhouding en as sodanig is die mens se werksmotivering ook 'n religieuse aangeleentheid en handeling. Volgens Duvenage (s.j.:2) is die arbeid van die mens diens aan God. Die arbeid is nie 'n gevolg van die sonde nie en konstitueer juis die beantwoording van die mens aan God se doel met hom.

Vanweë die sondeval is die verhouding tussen God en mens egter verbreek en het die mens apostaties, weg van God, beweeg. Hierdeur het die mens se oorspronklike gemotiveerdheid om sy skeppingsopdrag uit te voer verduister geraak en sy arbeid het 'n moeitevolle karakter gekry (vgl. Gen. 3:17-19 en Duvenage, s.j.:2). Hierdie gebroke verhouding is slegs deur die genade en soenverdienste van Christus en deur die werking van die Heilige Gees herstel. Die mens kan nou weer sy religieuse roeping en sy skeppingsopdrag in 'n korrekte perspektief sien (Van der Westhuizen, 1978:296). Die mens is weer gemotiveer tot taakvervulling.

Die mens vervul sy taak binne samelewingsverbande. Die grondslag van samelewingsverbande lê in die Skrifwaarheid dat God, toe hy vir die mens 'n vrou geskep het om hom te help in die vervulling van sy taak, Self die eerste samelewingsverband geskep het. As gevolg van die seën en opdrag van God (Gen. 1:28) is kinders uit hierdie eerste samelewingsverband gebore. Nuwe samelewingsverbande het as gevolg hiervan en deur die organisatoriese aktiwiteite van die mens rondom een of ander menslike behoefte of belangstelling gewentel. (Taljaard, 1974:34). Die behoefte aan georganiseerde opvoedende onderwys het individue gemotiveer om in 'n nuwe samelewingsverband - die skool te versmelt. Die doel van hiërdie samelewingsverband is toerusting tot roepingsvervulling (vgl. Van der Westhuizen, 1978:230).

'n Besondere kenmerk van alle samelewingsverbande is dat daar 'n gesagsdraer is wat geroepe is om die wyse van lewe binne die betrokke samelewingsverband te reël. As Koningskind en sy verteenwoordiger op aarde, het God die gesagsdraer (i.c. onderwysleier) toegerus met 'n eiesoortige gesag wat hy in wette, reëls of regulasies kan positiewe om die wyse van lewe binne sy betrokke samelewingsverband (i.c. die skool) te reël (vgl. Taljaard, 1974:33 en Van der Westhuizen, 1986:26). Ten einde sy gesag te positiewe, kan die onderwysleier onder andere ook van bestuurshandelinge, soos motivering, gebruik maak. Deur sy motivering moet hy sy ondergeskiktes beweeg om hul roeping en taakvervulling tot eer en verheerliking van God uit te voer. In hierdie sin is motivering 'n religieuse handeling.

Daar sal vervolgens gelet word op die grondtrekke van motivering.

2.3 DIE ANTROPOLOGIESE GRONDTREKKE VAN MOTIVERING

2.3.1 OPMERKING

Om motivering te ontleed is dit nodig om die grondtrekke daarvan te bepaal. Omdat motivering 'n religieuse aangeleentheid is (vgl. 2.2), sal dit vanuit 'n Skriftuurlike perspektief ontleed word. Volgens Dooyeweerd (vgl. Barnard, 1984:171) openbaar die totale sigbare en kenbare werklikheid hom, volgens die Wysbegeerte van die Wetsidee, in vier grondtrekke, naamlik die religieuse, die temporele, die modale en die individuele. Taljaard (1975:56-72) onderskei op sy

beurt weer ses grondtrekke, naamlik subjektiwiteit en objektiwiteit, tydsheid, universaliteit en individualiteit, genetisiteit, waarde bepaaldheid en modale bepaaldheid. Vir die doel van hierdie navorsing sal van Taljaard se grondtrekke gebruik gemaak word.

2.3.2 SUBJEKTIWITEIT EN OBJEKTIWITEIT VAN MOTIVERING

Die Skrif proklameer die soewereiniteit van God oor alle menslike aktiwiteite. Dit beteken dat die mens en al sy aktiwiteite (dus ook motivering) Gode-subjek is (vgl. Heiberg, 1975:184). Omdat die mens na die beeld van God geskape is en hy 'n religieuse wese is, is hy onderhewig aan die wette van God en veral aan die liefdeswet (vgl. Taljaard, 1976:168 en Van der Westhuizen, 1978:349). Subjektiwiteit dui dan op onderworpenheid aan die wette wat God vir die mens (en dus vir motivering) daargestel het.

Objektiwiteit, daarteenoor, dui op die doel waarvoor 'n spesifieke subjek geskape is. Die mens as heerser oor sy skepping kan 'n saak of verskynsel sy inherente bestaansdoel laat bereik, of laat misloop (vgl. Van Schalkwyk, 1981:32). Objektiwiteit dui ook op die kwaliteite, hoedanighede en moontlikhede van die subjek (vgl. Van Schalkwyk, 1981:35-36). God het die mens met 'n groot aantal kwaliteite toegerus. Die mens is byvoorbeeld 'n wese wat kan glo, kan liefhê, verhoudings kan stig, wat taal besit en wat oor 'n intellek en gevoelslewe beskik. Die mens moet na sy eie aard (hoe hy hom openbaar) geken word, sodat voorsiening vir die ontsluiting van alle hoedanighede en potensiaal binne daardie wette en norme gemaak kan word (vgl. Van Schalkwyk, 1981:44). Motivering is een van hierdie kwaliteite waarmee God die mens toegerus het om sy skeppingsopdrag te volvoer. Motivering is dan die dryfkrag wat die mens aanspoor, of beweeg, om sy roeping van heers en beheers en sy gespesialiseerde roeping (sy beroep) tot eer en verheerliking van God uit te voer

(Van der Westhuizen, 1978:363 en Duvenage, s.j.:3). Motivering staan dus as deel van die toerusting van die mens in diens van God.

Motivering is ook onderworpe aan die subjektiwiteit en objektiwiteit van die mens. Dit beteken dat die onderwysleier die personeel so moet motiveer dat dit in ooreenstemming met die gestelde wette van motivering

is. Om so te kan motiveer moet die onderwysleier 'n diepgaande studie maak van die objektiwiteite of kwaliteite van die wetmatighede binne die terrein waaroor hy in besonder geroep is om te heers (vgl. Taljaard, 1975:39 en 57). Dit sal onder andere vir die onderwysleier nodig wees om presies te weet hoe die onderwyseres gemotiveer word. Daarom is wetenskaplike kennis van die bewussynslewe van die mens (i.c. onderwyseres) noodsaaklik (vgl. Van Schalkwyk, 1981:44 en Van der Walt et al., 1983:267).

Elke geskapene figureer volgens sekere vasgestelde geordende wetmatighede. Ook die mens word volgens sekere wetmatighede gemotiveer. Hierdie wetmatighede kom later na vore in die motiveringsteorieë. (vgl. Hoofst. 3).

2.3.3 UNIVERSALITEIT EN INDIVIDUALITEIT VAN MOTIVERING

God het elke subjek volgens sy soort geskape (vgl. Gen. 1:23). Alhoewel die wet wat vir eiesoortigheid geld, deur elke subjek eerbiedig moet word, word dieselfde wette in elke individuele skepsel anders verwerklik (vgl. Van Schalkwyk, 1981:39). In elke subjek kan sowel 'n universele as 'n individuele aspek onderskei word (vgl. Taljaard, 1975:62). Die individualiteit van die mens is in die feit dat elke mens uniek is, geleë. Die mens is egter nie afgeslote van ander nie; inteendeel, die mens is in samelewingsverbande saamversmelt (vgl. 2.2). Universaliteit dui op hierdie gemeenskaplikheid met ander van dieselfde soort.

Motivering as toerusting van die mens kan as 'n universele werklikheid beskou word, maar die wyse waarop motivering in en deur verskillende individue gepositiveer word, sal individuele verskille toon. Vir die onderwysleier beteken dit dat hy elke persoon (i.c. onderwyseres) volgens die wette en omstandighede wat vir motivering in die onderwys geld, moet motiveer. Motivering deur 'n onderwysleier wat op taakverrigting gesteld is, sal egter verskil van die motivering van 'n onderwysleier wat mensgerig is (vgl. Van der Westhuizen, 1986:94-102). Daar sal ook individuele verskille tussen die motivering van manlike en vroulike opvoeders wees.

2.3.4 GENETISITEIT VAN MOTIVERING

Genetisiteit dui op die konstantheid of gebondenheid van die skepsel aan sy soortlikheid (vgl. Van Schalkwyk, 1981:39). Genetisiteit dui ook op 'n ontwikkeling waardeur alle dinge, behalwe die eerstes wat deur God geskape is, voortgekom het en steeds as seën en in opdrag van God voortkom uit vorige dinge. Deur die samesnoering van mense in huweliksverbande het God die moontlikheid van die genetiese proses in die mens bewerkstellig (vgl. Gen.1:28. "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit"). Genetisiteit beteken dan dat ontwikkeling slegs binne die oorspronklike gegewe (geskapene) plaasvind - binne die beginsels wat vir 'n bepaalde entiteit verorden is en op een lyn met die oorspronklike gegewe.

Motiveringsteorieë het met verloop van tyd ontwikkeling ondergaan, maar dit moet steeds plaasvind binne die wette wat vir motivering verorden is. Die grondtrek van genetisiteit veroorsaak ook individuele vorme en differensiasies in motivering. Vanweë genetisiteit ontwikkel elke onderwysleier sy eie individuele bestuurstyl (i.c. motiveringstyl), en hy sal geen twee persone op dieselfde wyse motiveer nie. Verskillende onderwysleiers sal daarom as gevolg van persoonlikheidsverskille en verskillende omstandighede verskillende motiveringstrategieë toepas.

Elke generasie is geroep om op sy tyd oor die aarde te heers en dit te beheers. So word die geskiedenis deel van genetisiteit (vgl. Van der Westhuizen, 1978:351).

Motiveringsteorieë het ontwikkel, sodat daar vandag al 'n geheel van kennis oor 'n komplekse begrip en handeling soos motivering bestaan.

2.3.5 TYDSHEID VAN MOTIVERING

"In die begin het God die hemel en die aarde geskep" dui op die tydsheid van sy skepping teenoor die ewigheid van God (vgl. Van der Walt et al., 1977:113). Dit beteken dat niks in die skepping bo-tydelik is nie. Tyd begrens, beheers en bepaal alle gebeure in die werklikheid (vgl. Van Schalkwyk, 1981:37). So ontwikkel motivering ook soos die tyd verloop (vgl. Taljaard, 1975:58).

Skepsle bestaan in tyd en is onlosmaaklik aan tyd verbonde. Van der Westhuizen (1978:290) wys daarop dat die mens 'n ewigheidsbestemming het, maar dat die mens tog 'n tydse wese is, omdat hy aan tyd onderworpe is. Tyd kom onder meer tot openbaring in volgorde, gelyktydigheid, duur, fisiese tyd, ontwikkeling, tydperk, opvoeding, voorrang en tydsorde (vgl. Van Schalkwyk, 1981:37).

Tydsheid figureer in motivering in dié opsig dat verskillende menslike motiewe (behoefte) op verskillende tye predominant is (vgl. Maslow 3.6.2). Motivering is dus aan tyd gekoppel, want ten einde verdere motivering te versterk, moet 'n verwagte beloning binne 'n redelike tyd op prestasie (voortreflike werkverrigting) volg (vgl. Vroom, 3.6.6).

Belangstellings en behoeftes verander en/of ontwikkel ook met verloop van tyd. Ter wille van motivering sal daar byvoorbeeld rekening gehou moet word met die feit dat ouer en ervare onderwyseresse se behoeftes en belangstellings van dié van jonger onderwyseresse verskil (vgl. Greenfield & Blase, 1981:1-10; Wilson, 1984:444 en Crow, 1985:281-288). Wessels (1981:2) wys daarop dat die vrou dikwels werk totdat die eerste baba verwag word en haar dan etlike jare lank aan die arbeidsmark onttrek. Hertoetrede volg dikwels eers nadat die laaste kind skoolgaande ouderdom bereik het. Hieruit blyk dit dat daar sprake van tydgebonde werksiklusse in die vrou se loopbaan voorkom. Hierdie werksiklusse geld ook vir die vrou in die onderwys (vgl. Hfst. 4).

Werktevredenheid en produktiwiteit ('n gevolg van motivering) word ook aan tyd gekoppel: Daar moet genoeg tyd vir die afhandeling van werk toegelaat word, anders lei dit onder andere tot oorbelaeding en spanning (stres). Motivering impliseer egter ook ekonomiese tydbenutting - om meer te doen binne die beskikbare tyd.

2.3.6 WAARDEBEPaaldHEID VAN MOTIVERING

"Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed" (Gen. 1:31), dui op 'n goed-kwaad-bepaaldheid van alle dinge waaroor God Sy soewereiniteit verklaar het en wat Hy met sy wette regeer (vgl. Van der

Westhuizen, 1986:21). Die mens het deel aan die basiese karaktertrek van goed en kwaad wat getipeer kan word as waardepaaldheid (vgl. Van der Westhuizen, 1978:352). Waardebepaaldheid dui op die verhouding waarin 'n subjek¹ (i.c. mens) tot die wette staan wat vir hom verordineer is (vgl. Heiberg, 1975:181). Beantwoord die mens volmaak aan hierdie wette en norme, dan word die mens as gehoorsaam beskou (vgl. Taljaard, 1975:68 en Van Schalkwyk, 1981:40).

Die mens se waardestelsel is gefundeer in sy religieuse verhouding (vgl. 2.2) wat as vertrekpunt vir sy aktiwiteite, gedagtes, woorde of dade dien (vgl. Van der Walt et al., 1983:104). Die antitese, kwaad, wat as gevolg van die sonde in die wêreld gekom het, word gerealiseer wanneer die mens sy positiewe verhouding tot die fundamentele liefdeswet teenoor God en sy medemens in ongehoorsaamheid verbreek (Heiberg, 1975:181).

God het aan die mens die vermoë gegee om tussen goed en kwaad te onderskei (vgl. Schoeman, 1980:90-91). Hierdie onderskeidingsvermoë beteken dat die mens 'n keusevryheid het, maar dat hy ook verantwoordelik vir sy optrede is. Die mens positiver sy waardes deur sy gehoorsaming of ongehoorsaming van die wette wat vir hom verorden is. Goeie motivering beteken dan dat die onderwysleier sy keusevryheid verantwoordelik gebruik deur gehoorsaming aan bepaalde norme en wette (bestuursnorme en -wette) wat vir motivering verorden is. Met betrekking tot motivering beteken waardebepaaldheid dat sekere motiveringstrategieë beter as ander kan wees. So byvoorbeeld is dit moontlik dat (onder sekere omstandighede) intrinsieke motivering beter as ekstrasieke motivering kan wees (vgl. 3.4).

Waardebepaaldheid beteken verder dat elke mens 'n perspektief het op wat reg en verkeerd is. Die mens se waardeoriëntering kleur al sy handeling - ook sy motivering. Die onderwysleier se motivering word gekleur deur sy eie waardebepaaldheid. Sy waardeoriëntering sal grootliks bepaal watter handeling van sy personeel hy sal aanmoedig (beloon) én dit sal bepaal watter motiveringstegnieke hy sal gebruik. Die personeellid (i.c. die onderwyseres) word ook in terme van háár waardes (dit waaraan sy waarde heg) gemotiveer.

~~~~~

1. Subjek verwys na die skepsel, terwyl subjektiwiteit na die verhouding van onderworpenheid aan die wette van God verwys (vgl. 2.3.2)

Indien 'n konflik tussen die waardes van die onderwysleier en dié van die personeel ontstaan, sal motivering beswaarlik plaasvind.

### 2.3.7 MODALE BEPAALDHEID VAN MOTIVERING

Modale bepaaldheid dui synswyses, of wyses van die geskapene (stof, plant, dier en mens) aan (vgl. Taljaard, 1975:71). Hierdie bestaanswyses word ook modi of modaliteite genoem. Motivering kom op verskillende wyses tot uitdrukking deur die modaliteite. Dooyeweerd onderskei vyftien, en Taljaard en ander denkers twaalf modaliteite (vgl. Van der Walt et al., 1983:68). Ten opsigte van hierdie navorsing sal al vyftien modaliteite gebruik word en sal aangetoon word hoedat motivering tot uiting kom in die verskillende modaliteite.

#### 2.3.7.1 DIE NUMERIESE ASPEK VAN MOTIVERING

Die getals- of aritmetiese aspek het, volgens Van Schalkwyk (1981:43), diskrete kwantiteit of getal as sinkern. Van der Walt et al., (1977:96) noem ook onderskeie hoeveelheid as sinkern. Die numeriese aspek is die mins gekompliseerde modaliteit (vgl. Van der Walt et al., 1977:102 en Barnard, 1984:178).

Die numeriese speel 'n rol by die motivering van die onderwyseres. So byvoorbeeld moet die onderwysleier rekening hou met die numeriese wanneer die skoolrooster en klasgrootte beplan word, want klasgrootte beïnvloed die werkbelading van die onderwyseres. Oorbelaading kan lei tot spanning (stres) en gevolglike demotivering (vgl. 6.7). Erkenning vir prestasie (voortreflike werk) geskied onder andere deur middel van 'n aantal merietetoekennings. As 'n skool 'n sekere inskrywingstal bereik, kan 'n adjunk-hoof of departementshoof aangestel word. Erkenning en bevordering, wat dus albei deur die numeriese beïnvloed word, is belangrike motiverende faktore (vgl. 3.6.3.1).

#### 2.3.7.2 DIE RUIMTELIKE ASPEK

Die sinkern van ruimtelikheid is kontinue uitgebreidheid (vgl. Van der Walt et al., 1977:97).

Ruimtelikheid in die vorm van demografiese faktore soos

byvoorbeeld die fisiese grootte en ligging van 'n skool kan by die motivering van die onderwyseres 'n rol speel. So byvoorbeeld kan 'n onderwyseres met 'n sterk behoefte aan affiliasie deur die onpersoonlikheid van 'n groot personeel in 'n groot stedelike skool gedemotiveer word. Daar moet ook gelet word op die feit dat die onderwyseres die grootste deel van die dag ruimtelik van haar kollegas afgesny is. Geleenthede vir die bevrediging van haar sosiale behoeftes is dus beperk (vgl. 2.3.7.10).

#### 2.3.7.3 DIE KINEMATIESE ASPEK

Die kinematiese aspek het kontinue voortgang as sinkern (vgl. Van der Walt et al., 1977:97). Die opvoedkundige implikasie van die kinematiese modaliteit is dat daar in opvoedende onderwys gedurig veranderinge vanweë die voortdurende voortgang in die tyd is (vgl. 2.3.5). Opvoeding en onderwys dui op beweging, omdat daar voortdurend ontsluiting, ontwikkeling, vordering en vooruitgang plaasvind (vgl. Barnard, 1984:178).

Die kinematiese aspek lê motivering ten grondslag; trouens, motivering is afgelei uit die Latynse woord movere wat beteken "om te beweeg". Motivering beteken dan om iemand te laat beweeg, of om self te beweeg in die rigting van 'n doel wat jy gekies het.

#### 2.3.7.4 DIE FISIESE ASPEK VAN MOTIVERING

Die fisiese aspek (met sinkern: energiewerking) kom na vore in die nie-lewende werklikhede in die skepping, soos byvoorbeeld 'n klip, of soos die skoolgebou, skooltoerusting en terreinuitleg (vgl. Van der Walt et al., 1977:97 en Barnard, 1984:179).

Die fisiese aspek kom by motivering ter sprake deurdat die fisiese geriewe, handboeke en (oudiovisuele) toerusting van 'n skool die fisiese werksomstandighede van die onderwyseres bepaal. Fisiese werksomstandighede word in meer besonderhede (as een van Herzberg se higiënefaktore) bespreek (vgl. 3.6.3.1).

#### 2.3.7.5 DIE BIOTIESE ASPEK VAN MOTIVERING

Die biotiese aspek het organiese lewe as sinkern (vgl. Van der Walt et al., 1977:98 en Van der Walt et al., 1983:166). Die biotiese is 'n belangrike aspek van

motivering. 'n Groot gedeelte van hierdie navorsing wentel juis rondom die biotiese, of vrouees, van die onderwyseres (vgl. veral Hfst. 4). Ten opsigte van die motivering van die onderwyseres moet hier spesifiek op die biotiese "andersheid" van die vrou gelet word. As gevolg van haar biotiese vrouees moet vir spesiale diensvoorwaardes, soos byvoorbeeld kraamverlof, voorsiening gemaak word.

#### 2.3.7.6 DIE PSIGIESE ASPEK VAN MOTIVERING

Die psigiese aspek het gevoel as sinkern. Die karakteristieke aard van die psigiese struktuur kom tot uiting in die funksies van die sentrale sensuïestelsel (sintuïe, brein, rugmurg, klierstelsel) en hiermee word veel meer as slegs gevoel ingesluit: Die psigiese sluit ook affektiwiteit, vermoë, aanleg, belangstelling, mentaliteit en gemotiveerdheid in (vgl. Van der Walt et al., 1983:158 en Barnard, 1984:180).

In hierdie navorsing word spesifiek gehandel oor die motivering en die gemotiveerdheid van die vrou in die onderwys. Daar moet rekening gehou word met die psigiese aspek in dié opsig dat leidinggewing en motivering juis op die psige (gevoel) van die mens (i.c. onderwyseres) gerig is.

Daar moet waar moontlik gedifferensieer word op grond van die individuele verskille, vermoëns, belangstellings en behoeftes van elke onderwyseres wanneer haar pligstaat beplan word. By die motivering van personeel moet daarmee rekening gehou word dat die gevoelslewe van die vrou kwalitatief van dié van die man verskil (vgl. Sutermeister, 1969:19 en Wessels, 1975:6).

#### 2.3.7.7 DIE LOGIESE ASPEK VAN MOTIVERING

Die logiese aspek het analitiese onderskeiding as sinkern (vgl. Van der Walt et al., 1977:99). Die analitiese aspek fungeer in onderworpenheid aan behorensiese en norme waarin daar 'n dryfkrag (religieuse grondmotief) bespeur kan word (vgl. Stone, 1974:33).

Die ontwikkeling van logiese denke as toerusting is belangrik vir die mens se roepings- en taakvervulling. Die mens vervul sy taak binne organisasieverband. Die

algehele organisasie van die onderwysstelsel berus op onderskeidings, klassifikasies, geordendhede en planmatigheede. Daar word byvoorbeeld onderskei tussen verskillende grade van poste, tussen graderings van skole en so meer (vgl. Barnard, 1984:181). Motivering kom veral binne 'n beplande, geordende organisasie tot sy reg. Ten opsigte van motivering kan ook genoem word dat logiese denke, of analitiese vermoë, by die afhandeling van interessante of uitdagende take ter sprake kom. Die bevrediging wat die individu uit die suksesvolle afhandeling van 'n moeilike taak put, dien as motivering vir daaropvolgende take (vgl. Pottas, 1969:28 en Herzberg et al., 1967:60).

#### 2.3.7.8 DIE KULTUURHISTORIESE ASPEK VAN MOTIVERING

Die kultuurhistoriese aspek het kultuurvorming of beheersende vorming as sinkern (vgl. Heiberg, 1975:180). Deur sy beheersing van die natuur vorm die mens kultuur. As die mens byvoorbeeld 'n klip tot 'n kunswerk omvorm, positiever hy sy (estetiese) norme in sy kultuurvorming (vgl. Schoeman, 1980:109).

Die opkoms van samelewingsverbande, soos die skool, val saam met die mens se kultuurvorming. Die skool het veral te make met kultuurverwerking en kultuuroordrag en as sodanig is die skool onlosmaaklik onderworpe aan en aangewese op die gemeenskap se kultuurvorming (vgl. Barnard, 1984:182). Die kulturele verpligtinge van die onderwyser is onder andere daarin geleë dat hy sy leerlinge moet lei om hul kennis en insig deur beheersende vorming van die natuur toe te pas. (vgl. Schoeman, 1980:110). 'n Verdere verpligting van die onderwyseres is om haar leerlinge tot 'n hoë vlak van persoonlike beskawing te lei. Hulle gedrag moet in ooreenstemming met die kulturele milieu waarin hulle grootword wees. Om hierdie kultuurverwerking en kultuuroordrag (onderwys) te verwesenlik, is bestuurshandelinge soos motivering nodig. Die onderwysleier moet die onderwysers en die leerlinge motiveer tot deelname aan en uitlewing van kulturele aktiwiteite.

In sy beheersing van die natuur en die omvorming daarvan tot kultuur bevredig die mens sy behoefte aan prestasie en mag (vgl. McClelland, 1961:43 en Steers & Porter, 1975:56). In die mens se kultuurvorming en -beheersing figureer ook nog twee menslike behoeftes, naamlik

kreatiwiteit en selfverwesenliking. Albei is motiverende faktore wat die mens aanspoor tot groter inspanning (vgl. Herzberg et al., 1967:68).

#### 2.3.7.9 DIE LINGUALE ASPEK VAN MOTIVERING

Die linguale aspek het simboliese betekening as sinkern. Die mens gebruik simbole en tekens as benoemingsmiddels om mekaar te verstaan en om met mekaar te kommunikeer (vgl. Van der Walt et al., 1977:100).

Die linguale aspek van opvoeding het onder andere normatiewe taalgebruik ten doel. Dit impliseer ook dat iemand hom op 'n beskaafde, elegante wyse kan uitdruk en bekendstel en verstaan wat ander aan hom wil oordra (vgl. Schoeman, 1980:112-113). Die gebruik van taal is een van die kenmerkendste menslike funksies wat nie alleen die mens van die dier onderskei nie, maar ook skeiding maak tussen kultuurgemeenskap en kultuurgemeenskap. By kultuurvorming ontstaan taal wat eie aan 'n spesifieke kultuurgemeenskap is. Die begrip taal moet hier in die wydste sin verstaan word: Dit sluit die spreek- en skryftaal in, maar ook alle gebare, tekens, simbole en so meer waarmee houdings en gedagtes uitgedruk word. Die linguale modaliteit is 'n noodsaaklike kommunikasiemiddel en as kultuurdraer speel dit 'n kardinale rol in die opvoeding en onderwys (vgl. Barnard, 1984:182).

Die linguale, veral verbale kommunikasie, is onontbeerlik by verhoudingstigting wat onder andere die moreel van die werker bepaal. Erkenning van prestasie, persoonlike waardering en bemoediging geskied deur middel van die linguale. Deelnemende besluitneming is ook 'n sterk motiverende faktor wat die ondergeskikte (i.c. onderwyseres) direk by die doelstellings van die organisasie betrek en verseker dat kommunisering nie slegs afwaarts geskied nie (vgl. Hfst. 3). Motivering steun ook op die linguale aspek deurdat 'n werker vir die bevrediging van sy egobehoeftes van linguale terugvoering vanuit sy sosiale omgewing afhanklik is. Sy selfwaardering en positiewe selfbeeld is op verdiende respek van ander gebaseer (vgl. 3.6.4).

#### 2.3.7.10 DIE SOSIALE ASPEK VAN MOTIVERING

Die sosiale aspek het omgang en verkeer as sinkern. Die mens moet besef dat hy nie alleen bestaan nie (vgl. Van der Westhuizen, 1978:283). Die mens beïnvloed sy medemens en word deur hom beïnvloed. Sosiale opvoeding moet ook daartoe lei dat die mens 'n goed-aangepaste en aanvaarbare lid van die samelewingsverbande in sy betrokke gemeenskap word (vgl. Schoeman, 1980:113). Die woord sosiaal dui dan hier op die interpersoonlike verkeer, medemenslike omgang en die skakeling tussen allerlei instansies (substelsels) binne die skoolstelsel, soos ouers, bestuursrade, skoolkomitees, ouer-onderwyserverenigings, personeel, leerlinge en so meer - vergelyk byvoorbeeld die verkeer op intermenslike vlak tussen onderwysleiers (i.c. skoolhoof en departementshoof) en die onderwyseres (vgl. Stone, 1974:81 en Barnard, 1984:184).

Kragtens die skepping van die mens as sosiale wese het hy affiliasiebehoefte - 'n behoefte om aan 'n groep te behoort en om deur die groep aanvaar te word. In hierdie verband sal die onderwysleier se opregte belangstelling in elke personeellid op persoonlike en professionele vlak, asook die spesifieke erkenning wat hy aan prestasies gee, die personeel motiveer en werkstevredenheid bevorder.

#### 2.3.7.11 DIE EKONOMIESE ASPEK VAN MOTIVERING

Die ekonomiese aspek het waardeafweging as sinkern en dui op die nodige finansiële middele (vgl. Van der Walt et al., 1977:101 en Van der Westhuizen, 1986:25). Sowel die materieel-ekonomiese as die doelmatig-ekonomiese vorm 'n inherente deel van onderwysbestuur, omdat tyd en energie wat vanweë doelmatigheid en beplanning bespaar word, dikwels in die praktyk geld kan beteken (vgl. Barnard, 1984:84).

Die onderwyseres moet gemotiveer word om byvoorbeeld deur middel van ekonomiese tyd- en energiebenutting so doeltreffend (ekonomies) moontlik te funksioneer. Die ekonomiese aspek figureer ook as motiverende faktore ten opsigte van die onderwyseres se salaris, pensioenskema, behuisingssubsidie ensovoorts. Salaris bevredig op verskillende behoeftevlakke, byvoorbeeld ten opsigte van fisiologiese veiligheids- en egobehoeftes (vgl. 3.6.2). Vergoeding wat ook goed vergelyk met dié

van ander in vergelykbare professies, kan 'n motiverende, of minstens 'n higiënefaktor wees. (vgl. 3.6.3.1) Daar moet dus by die arbeider tevredenheid wees oor sy betaling (Luk. 3:14) (vgl. Venter, 1971:25 en Duvenage, s.j.:6).

#### 2.3.7.12 DIE ESTETIESE ASPEK VAN MOTIVERING

Die estetiese modaliteit het die skone harmonie as sinkern. Die estetiese aspek hou verband met die ontsluiting van menslike talente en moontlikhede. So byvoorbeeld kan kennis van estetiese norme lei tot waardering vir die skoonheid van God se skepping. Vir elke georganiseerde samelewingsverband (i.c. die skool) is harmonie 'n onmisbare voorwaarde (vgl. Stone, 1974:43). Die onderwysleier moet binne 'n estetiese en normatiewe skoolmilieu deur sy bestuurshandelinge (w.o. motivering) voorsiening maak vir die harmonieuse persoonlikheidsontplooiing van die onmondige kind asook van elke personeellid (vgl. Barnard, 1984:186).

Motivering kan slegs geskied as daar 'n harmonieuse verhouding tussen die doelstellinge van die skoolorganisasie en die persoonlike doelstellinge van die individuele onderwyseres bestaan (vgl. 3.7.2.1). Harmonieuse sosiale verhoudinge kan ook 'n sterk motiverende faktor wees wat die moreel (sedelike en geestelike krag wat mense vol moed en geesdrif laat bly) van die personeel versterk.

#### 2.3.7.13 DIE JURIDIESE ASPEK VAN MOTIVERING

Die juridiese aspek het die besef van reg en onreg, reëlbaarheid, reguleerbaarheid en orde as sinkern (vgl. Van der Walt et al., 1983:71). In die juridiese aspek word ewewigtige harmonie tussen verskeie gemeenskapstrukture (w.o. die skool) in 'n gedifferensieerde samelewing gehandhaaf. In onderwyswette en -ordonnansies word die rol, verpligtings, beperkings, en voorregte van onder andere die skool, die onderwyser, en die skoolhoof publiekregtelik vasgelê. Dit is belangrik dat onderwysers, net soos die beoefenaars van ander erkende professies, om die volgende redes kennis van en insig in die regsbeginsels en juridiese bepalings wat op hulle en die onderwysprofessie van toepassing is, moet hê (vgl. Van Wyk, 1982:14-17):

- \* Volgens die onderwyser(es) se diensvoorwaardes is dit 'n vorm van wangedrag as hy/sy 'n onderwyswet, ordonnansie of regulasie oortree of versuim om daaraan uitvoering te gee. Hy/sy moet dus kennis dra van die betrokke bepalings.
- \* Die onderwyser(es) kan nie op 'n harmonieuse wyse saamwerk met kollegas, die hoof, die verteenwoordigers van die onderwysdepartement, beheerraad, en so meer, as hy/sy nie op hoogte bly van die betrokke persone en instansies se bevoegdhede ten opsigte van die onderwys, soos vasgelê in verskillende onderwyswette, ordonnansies en regulasies nie.
- \* Die onderwyser moet op die hoogte wees van bepalings wat prosedures soos byvoorbeeld indiensneming, tugondersoeke, hantering van skoolfondse en die toepassing van lyfstraf reël (vgl. ook redes soos meer volledig verwerk deur Barnard, 1984:186-187).

Ten opsigte van motivering kom die juridiese aspek ter sprake by sake soos regverdige, nie-diskriminerende diensvoorwaardes in die onderwyseres se indiensnemingskontrak (vgl. 4.4). Daar is 'n regte en 'n verkeerde wyse van motivering. Indien die onderwyseres op die regte wyse gemotiveer word, sal sy veel méér as haar kontraktuele verpligtinge wil nakom.

Baie onderwysleiers is onseker van die talle wyses waarop hulle in die uitvoering van hul professionele pligte deur die juridiese sfeer van die werklikheid aangespreek word (vgl. Van Wyk, 1982:14). Hierdie onsekerheid bring mee dat hulle optrede in sekere opsigte onseker en lukraak is en belemmer gevolglik motivering. Onsekerheid kan intern beperk word deur byvoorbeeld delegering. Delegering bepaal die mag en gesag van die persoon aan wie 'n spesifieke taak toevertrou is. Groter outonomie sal die onderwyser ook groter sekerheid verskaf, en sal sodoende as motiverende faktor kan dien (vgl. 3.7.3.2 en 3.7.3.4).

Die juridiese aspek kom ook ter sprake by selfverwesenliking (3.6.2.5). Die individu se selfverwesenliking moet nie deur onnodige reëls en regulasies gekortwiek word nie.

#### 2.3.7.14 DIE ETIESE ASPEK VAN MOTIVERING

Die etiese aspek het die sedelike, die morele en liefdesorg as sinkern. Die etiese aspek dui op die ontsluiting van liefde vir naaste, kerk, skool, land en so meer. Die liefde bestaan in die verskeidenheid van tydelike betrekkinge van mense onderling - byvoorbeeld in die betrekkinge tussen onderwyseres en skoolhoof, en tussen die onderwyseres en departementshoof. 'n Belangrike komponent van die etiese modaliteit is die morele - wat veral in vaste beginsels en norme gepositiveer is. Die beginsels en waardes wat die mens verwerf (vgl. 2.3.6) staan direk onder leiding van die geloofsfunksie. Morele liefde is nie beperk tot naaste- of selfliefde nie: Morele liefde behels liefde vir die hele skepping van God, naamlik ook vir dinge, plante en diere (vgl. Barnard, 1984:187).

Die onderwysleier behoort sy onderwysers te motiveer in die lig van die sentrale liefdeswet - met ander woorde motivering moet deur middel van liefdesorg geskied. Indien daar nie 'n positiewe verhouding tussen die onderwysleier en die onderwysers(esse) bestaan nie, sal laasgenoemdes nie sy leidinggewing en motivering aanvaar nie. 'n Mens werk gewoonlik harder vir iemand van wie jy hou en vertrou (vgl. Blumberg, 1974:12, asook Matthews & Holmes, 1982:23).

Van der Walt (1980:211) beweer dat gehoorsaamheid sonder liefde slawearbeid is. Dieselfde geld vir motivering: Aansporing sonder liefde vir die persoon wat gemotiveer moet word, is slawe aandrywing en word negatief deur die persoon beleef.

#### 2.3.7.15 DIE PISTIESE ASPEK VAN MOTIVERING

Die pistiese of geloofsaspek het vastheid en sekerheid as sinkern. Die mens se geloofsfunksie is sy hoogste en meteen ook sy leidende funksie. Daarmee word bedoel dat die pistiese modaliteit al die ander (laer) modaliteite rig en lei en koers daaraan gee. So byvoorbeeld staan die mens se redelike vermoëns, sy analitiese logiese vermoëns onder leiding van sy pistiese of geloofsvermoë. Ook die mens se psigiese vermoëns (w.o. sy vermoë om te motiveer en om gemotiveer te word) staan onder leiding van die pistiese of geloofsaspek (vgl. Van der Walt et al., 1983:7). Die pistiese aspek kan dus beskou word as die hoogste, mees gekompliseerde

bestaanswyse van die mens en dit beklemtoon die belangrikheid (van die ontwikkeling) van die pistiese modaliteit (vgl. Van der Westhuizen, 1978:265 en Schoeman, 1980:94-97).

Maslow (1954:84-89) wys daarop dat die veiligheidsbehoefte (behoefte aan sekerheid) een van die basiese behoeftes van die mens is. As hierdie behoefte nie bevredig word nie, kan die volgende "hoër" behoeftes nie figureer nie (vgl. 3.6.2). So byvoorbeeld sal onsekerheid oor haar pos, die onderwyseres se werksmotivering nadelig beïnvloed. Die onderwysleier se geloofsfunksie sal ook rigting gee aan sy totale handeling (w.o. sy bestuurshandeling). Die geloofsaspek bepaal die onderwysleier se onderwysdoelstellinge en dus die rigting waarin motivering sal plaasvind.

### 2.3.8 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

Die mens is die kroon van die skepping, geskape na die beeld van God en met die opdrag om kultuur te vorm. Die mens verskil van die dier in dié opsig dat hy 'n subjekfunksie in al vyftien die modaliteite besit. Slegs die mens kan glo, liefhê, reg spreek, skeep, handel dryf, sosiaal verkeer, praat, kultuur vorm, dink, voel, motiveer, lewe, en bowendien deel hê aan die fisiese, kinematiese, ruimtelike en aritmetiese funksies (vgl. Van der Walt et al., 1983:80-81). Motivering is dan ook 'n menslike aangeleentheid: Dit word nie in die wêreld van plant, dier of materie aangetref nie.

Uit die voorafgaande bespreking is dit eerstens duidelik dat motivering primêr 'n religieuse aangeleentheid is en tweedens dat motivering 'n integrerende onderdeel van onderwysbestuur is. Motivering is onderworpe aan die wette wat God vir die geskapene en spesifiek vir motivering daargestel het.

Motivering is 'n dryfkrag in die mens - 'n dryfkrag wat die individu aanspoor tot roepingsvervulling - om sy amp as profeet, priester en koning te volvoer (vgl. Heiberg, 1975:185 en Van der Westhuizen, 1978:230). Die mens moet sy motivering dus primêr vanuit 'n religieuse perspektief beskou. Dit is dan die (bestuurs-) taak van die onderwysleier om die personeel so te motiveer dat dit in ooreenstemming met die gestelde wette van motivering is.

Daar bestaan egter die moontlikheid dat 'n onderwysleier sy gesag en keusevryheid onverantwoordelik kan gebruik (m.a.w. nie positief antwoord op sy aangesprokenheid nie). Indien hy dan nie in ooreenstemming met God se wette en menslike norme motiveer nie, sal dit lei tot demotivering.

In hierdie hoofstuk is motivering vanuit 'n Skrifmatige Christelike antropologiese perspektief beskou. In die volgende hoofstuk sal veral op die motiveringsteorieë en die betekenis daarvan vir onderwysbestuur gelet word.